Cilla Lowen het 'n veeleisende loopbaan as top mediakonsultant prysgegee om saam met haar man Brian 'n blomplaas op die Tierfontein pad buite Malmbesbury op die been te bring. Vandag is Lowensvlei die grootste verskaffer van gerberas in Suid-Afrika en een van 'n handjievol plase wat Geraldton-waksblomme groei. Duur om in te voer en ewe moeilik om aan die lewe te hou, is hierdie Australiese waksblom wêreldwyd in groot aanvraag.

mySwartland

Sy ruim huis geld ook as klaskamer maar wanneer Soli Smook nie kunsstudente help nie, maak hy van die goeie lig gebruik om sy eie skilderye te verf. Hy het sewe jaar gelede van Stellenbosch na Riebeek Kasteel getrek en die verfspatsels op sy sementvloer getuig van jare se kreatiewe ontlading.

SWARTLAND WYNKELDER

Evolusie is die Sleutel

Wynvernuwing is ‘n voortdurende taak vir enige wynmaker aangesien marktoestande vinniger verander as wynmaak- en wingerdboukundige praktyke. Die sleutel is dus vir die wynmaker om te beplan en wyn te maak vir sowel onmiddellike as langtermynbevrediging.

Dis die mening van Andries Blake, keldermeester van Swartland Wynkelder. Toegang tot meer as 3 000 hektaar van die beste wingerd in die Swartland-streek bied aan hom die geleentheid om te kies en te keur uit die verskeidenheid kultivars wat in hierdie diverse streek verbou word om die uiteenlopende behoeftes van die mark te bevredig.

Andries se meer as 16 jaar se ervaring by Swartland Wynkelder het hom in staat gestel om die kompleksiteite van hierdie wynstreek en sy hoofsaaklik droëland-wingerde en verskeidenheid grondsoorte deeglik onder die knie te kry.

Die kelder loods ook in November ‘n nuwe bemarkingsveldtog. Swartland Wynkelder, wat in 1948 gestig is, is onafskeidbaar deel van die Swartland-wynstreek met sy golwende heuwels en matige Mediterreense klimaat, sy interessante geskiedenis en sy vele toeriste-attraksies, en ons is trots om te wys wat ons anders as ander wynstreke maak. Om hierdie rede het ons die MySwartland-veldtog geskep wat daarop gemik is om mense oor die kelder se wynreeks in te lig, asook oor die Swartland-streek se vele juwele, insluitende sy kultuurgeskiedenis, kos, feeste en skoue, en ander leefstyl elemente wat in oorvloed beskikbaar is.

Blake sê Swartland Wynkelder betree ‘n nuwe era met die MySwartland-veldtog wat in November afskop. Deel hiervan is die herposisionering van Swartland Wynkelder se wynreekse en die bekendstelling van die Swartland Wynkelder-reeks se nuwe etikette. “Ons is baie opgewonde want ons het die regte wyne teen die regte pryse, en ons planne vir 2012 en verder is om Swartland Wynkelder ‘n huishoudelike by wynliefhebbers regoor Suid-Afrika en wêreldwyd te maak.”

SWARTLAND WYNKELDER

As derde-generasie boer op De Hoop in die Paardeberg, het Liam Viljoen onlangs besluit om hul onderneming uit te brei met 'n paar olyfboorde. Tradisioneel word wingerd gegroei en die druiwe word aan Swartland Kelder gelewer. ‘Mens moet nooit al jou eiers in een mandjie bêre nie,’ meen hy, en dat veral verwerkte olywe goed verkoop. Liam en sy vrou Marili werk tans aan die ontwikkeling van 'n reeks gepekelde olyfprodukte.

Met 'n groot verskeidenheid rissiesouse is die volgende stap seker om 'n pizza-oond te bou? Nou kan Julian en Rozelle Abramson van Fynbos Fine Foods hul produkte geniet met die dunste warm-uit-die-oond pizzas. Dit is 'n smaakbelewenis om jou pad deur die Fynbos Foods-rissiereeks te proe. Van lig en aromaties tot oogwater-warm, is daar 'n sous vir elke voorkeur. Hul toppresteerder, 'n heerlike mengsel van gedroogde eiervrug, tamatie, gerookte rissie en gekruide uiekonfyt, is bekroon met 'n gesogde Sofi-prys in New York.

Lees meer oor Swartland en sy mense by www.myswartland.co.za

Nie te koop aan persone onder die ouderdom van 18. Geniet verantwoordelik.